BOEKBESPREKING

Titel:	***Waar sit jou God?***
Outeur:	***Coenie Nolte***
Uitgewer:	***Griffel***
Jaar:	***2008***
Bespreking:	***Diek van Wyk***

Terwyl George Bernard Shaw in 1932 in Knysna was, het hy ’n storie geskrywe van ’n swart dogtertjie wat, nadat sy deur ’n sendeling bekeer is, deur die woude van Afrika op soek na die God van haar bekering gegaan het. Op haar reis ontmoet sy verskeie mense wat elkeen vir haar ’n ander beeld van God voorhou. Sy kan haar nie met een daarvan vereenselwig nie. Uiteindelik beland sy by Voltaire, wat vir haar sê dat ’n mens nie veel meer kan doen as om jou tuin na die beste van jou vermoë te bewerk nie.

Dié storie is ’n metafoor van die skrywer van hierdie boek se eie soektog na God, ’n soektog wat nie net binne die woude van Afrika plaasvind nie – die metaforiese ruimte van die Bybelse voorstellings van God – maar uitkring na die res van Afrika, asook die ander kontinente van die aardbol, d.w.s. haas elke manier van dink oor God. Soos in die geval van die dogtertjie, lei dit uiteindelik daartoe dat hy sy tuin maar net na die beste van sy eie vermoë probeer bewerk. Dit is ’n fassinerende soektog met ’n ongewone afloop, wat ek graag met lesers van GRASnuus wil deel.

Coenie Nolte het in die NG Kerk groot geword, as diaken en ouderling daarin gedien en as getroue lidmaat aan allerlei kerklike aksies deelgeneem. In sy later lewe het daar egter vrae by hom begin ontstaan. Die keerpunt het gekom toe sy dogter in 2003 haar eie lewe geneem het en hy moes vind dat die God van die kerk, soos hy Hom leer ken het, hom nie in sy droefheid en nood kon bystaan nie. Dié God het gevolglik saam met sy dogter vir hom gesterf. Hoewel hy sy rug op die God van die kerk gekeer het, het hy egter steeds ’n hunkering na God bly behou. Hy het dus op ’n soektog na ’n alternatiewe God vertrek.

Die God van Wie hy afskeid geneem het, is die teïstiese God van die kerk wat, soos hy dit stel, oor eeue netjies deur sy aardse geakkrediteerdes in ’n kassie verpak is. Op die buitekant van die kassie word die produk vir bemarkingsdoeleindes geadverteer as Skepper, Onderhouer, Toesighouer, Almagtig, Alomteenwoordig, Alwetend, Barmhartig, Regverdig, Liefdevol. Die negatiewe implikasies word egter verswyg. Hy word bv. onder meer ook voorgehou as ’n God in wie se groot raadsplan alles ten goede sou meewerk. Dit beteken dat dié raadsplan ook op sy dogter se selfmoord van toepassing is. ’n Mens vra jou af hoe jy vrede daarmee kan maak dat God die goeie op dié manier bewerkstellig.

In die tweede hoofstuk van die boek besoek hy sommige van die aangesigte van die God van die Bybel waarvan hy afskeid geneem het. Hy vra o.a. waarom die God van die Tien gebooie die misdade van die vaders aan onskuldige kinders tot in die derde en vierde geslag besoek, hoe ’n liefdevolle God Isak ten offer kon gevra het net om Abraham se gehoorsaamheid aan Hom te toets, hoekom ’n regverdige God Jakob lief gehad maar Esau gehaat het, en waarom ’n barmhartige God Job as ’n pion in ’n magspel met Satan gebruik het. Hy stel dit dan dat die tyd vir ’n “nuwe” God dalk aangebreek het.

In ’n volgende hoofstuk vra hy of laterale denke oor God moontlik is. Die vraag is nl. of ’n mens buite die kassie, los van al die verpakte konsepte, oor God kan dink, al moet mens in die proses selfs paradoksale aannames maak. Dit is wat hy sal probeer doen, hoe moeilik dit ook al kan wees.

Hierop volg elf hoofstukke, elk geformuleer in die vorm van ’n vraag. In elke geval verken hy die betrokke vraagstuk aan die hand ’n uitgebreide literatuurverkenning. Waar toepaslik word standpunte van sowel voorstanders as teenstanders betrek. Die palet is te breed om hier te bespreek. Dus volstaan ek met blote aanduidings van die vraagstukke wat aangesny word.

Die eerste vraag wat hy hom afvra is of hy ’n ateïs geword het toe hy afskeid geneem het van die God van die

Bybel. Sy antwoord is nee, hy het nie ’n ateïs geword nie, want hy wou steeds in God bly glo. Hy het wel ’n nie-teïs geword, d.w.s. hy glo nie meer in die teïsties gekonsipieerde God soos Hy in die kassie verpak is nie.

’n Volgende vraag is of mens nog die waarheid kan glo. Hy noem ’n aantal voorbeelde van wat mense as waar beskou. Sommige daarvan staan in verband met geloof, ander in verband met wat gewoonlik as bygeloof beskou sou word. Hy haal ook ’n lang brief van Richard Dawkins aan sy 10-jarige dogtertjie aan wat die waarheid-standpunt van ’n ateïs stel.

Hierna kom die vraag na die bestaan van God aan die orde. Hy bekyk verskillende argumente vir die bestaan van God, soos die openbaringsargument, die intelligente ontwerp-argument, en die eerste oorsaak-argument. Dan behandel hy kortliks teïste, politeïste, panteïste, deïste, agnostici en verskillende soorte ateïste se sienings van God.

Hy vra ook of God waargeneem kan word. Inligting in dié verband is egter óf vaag óf nie oortuigend nie. Die volgende vraag is of God nie maar net die skepping van die menslike gene is nie, m.a.w. of ons geneties geprogrammeer is om in God te glo, met die implikasie dat die mens God skep en nie andersom nie. Vervolgens vra hy of God nie dalk net ’n breinaktiwiteit is nie, m.a.w. of daar dalk ’n “God-kol” in die brein is, wat onder andere kan inhou dat sekere mense ’n sterker predisposisie het om in God te glo as ander.

’n Volgende vraag is of God nie dalk maar net energie is nie. As energie nie vernietig kan word nie en die totale hoeveelheid energie in die kosmos konstant is, is God dan nie dalk die oer-energie van alle bestaan nie? Of wat van sogenaamde donker energie en donker materie wat glo onderskeidelik sowat 70% en 25% van die heelal beslaan, wat nie waargeneem kan word nie en wat onderskeidelik veroorsaak dat die heelal uitdy en verhoed dat die sterrestelsels uitmekaar spat? Sou dit dalk ’n verklaring vir God bied?

Die volgende vraag wat aan die orde kom, is of God nie maar net ’n woord in ’n woordeboek is nie, m.a.w. of God nie slegs ’n woord is waarmee oor die onkenbare gepraat word nie. Verwant hieraan is die vraag of God nie slegs ’n denkbeeldige tuinier is nie, ’n ondeurgrondelike misterie, dus slegs ’n skepping van die kennende bewussyn.

In die laaste van die vraagteken-hoofstukke kom die vraag aan die orde of dit nodig is om te bewys dat God bestaan as jy in Hom glo of, omgekeerd, om in Hom te glo as jy kan bewys dat Hy bestaan? Geloof is in die finale instansie ’n keuse vir God, nie ’n empiriese bewys vir sy bestaan nie. Om dan te sê dat Hy werklik bestaan, is gelyk daaraan om te sê dat ’n sirkel vierkantig is. Verwant aan hierdie vraag is of geloof in God voordelig of nadelig is. Argumente vir en teen word bespreek.

In die slothoofstuk kom die skrywer dan na vore met die antwoord wat hy gevind het. Die antwoord is tipies van die soort laterale denke wat hy hom aan die begin ten doel gestel het, ’n paradoksale denke wat iets van ’n vierkantige sirkel inhou: Hy glo in God sonder om te glo dat daar werklik ’n God is! Die aanleiding tot sy alternatiewe God vind hy onder meer in Frederik van Eeden se boek, *De kleine Johannes*, waar Windekind vir Johannes sê dat die boekie wat vir mense geluk en vrede bring, soos jou skadu is: hoe lank of hard jy ook al na hom soek, kan jy hom nie inhaal nie; op die ou end vind jy dat jy na jouself soek. Hy haal ook Don Cupitt aan wat sê dat hy God meer lief het omdat hy weet dat God vir hom opsioneel is, en dat hy dus nie meer verplig is om tradisioneel oor God te dink nie.

Waarop dit neerkom, is dat hy sy eie verstaan van God kan skep, dat hy oor God kan dink op ’n wyse wat vir hom sinvol is, omdat hy hom nie druk hoef te maak daaroor of God werklik bestaan nie. Dit laat hom vry om aan God te dink as die energie waaruit alles, ook ons as mense, opgebou is. Hy mag ook aan Hom as persoon dink, omdat dit die enigste manier is om in ’n verhouding met Hom te tree. Dié vryheid stel hom verder in staat om God vir hom voor te stel as sy heel beste Vriend met Wie hy alles kan deel, sy verwondering, sy vreugde, sy verlange na sy dogter, ook sy vrese wanneer hy met kanker gediagnoseer word. Dié God stel hom verder in staat om weer kerk-toe te gaan om daar in voeling met homself te kom. Dit alles in die wete dat daar nie so ’n bonatuurlike wese is nie. Dit is ’n nie-realistiese siening van God, nie-realisties omdat dit God nie as reëel

beskou nie. En tog nie on-realisties nie, omdat dit vir hom ’n werklikheid open waarin hy sy tuin na die beste van sy vermoë kan bewerk.

Het Coenie Nolte daarmee waarheid gevind wat geglo kan word? Die antwoord lê opgesluit in ’n vraag wat hy aan die einde van die hoofstuk oor waarheid vra, nl. watter van die “waarhede” wat hy aangehaal het, as rigtingswysers vir ’n sinvolle bestaan kan dien. Dié vraag, waarop hy nie uitbrei nie, impliseer dat daar twee soorte waarhede is wat onderskeidelik objektiewe en subjektiewe waarheid genoem kan word.

Objektiewe waarheid is waarheid as *kontroleerbaarheid*, dit wat empiries verifieerbaar, logies regverdigbaar en/of matematies bevestigbaar is. Dit is meer bepaald waarheid soos deur die wetenskap uitgedruk, die waarheid wat Dawkins in sy brief aan sy dogtertjie as die enigste voorhou, waarheid wat volgens Dawkins die teenpool van die valsheid van godsdiens is. Objektiewe waarheid is waarheid vir almal, ook die waarheid waarop die praktiese lewe implisiet berus.

Subjektiewe waarheid is daarteenoor waarheid as *sinvolheid*, dit wat sin en betekenis aan ’n mens se lewe en aan die werklikheid gee. Subjektiewe waarheid is waarheid vir die individu, waarheid soos die individu dit sien, waarheid wat vir hom/haar saak maak. Elke mens verbeeld nl. vir hom/haar die werklikheid op een of ander manier, hetsy eksplisiet of implisiet, en vind daarin in ’n mindere of meerdere mate sin. Ook Dawkins leef, paradoksaal genoeg, met ’n subjektiewe waarheid; hy glo immers dat objektiewe waarheid die enigste singewende waarheid is.

Persoonlike religie is een vorm van subjektiewe waarheid. Dit is wat Coenie Nolte gevind het, die waarheid van ’n persoonlike religie wat aan sy sy staan en sy arm om hom sit in sy lewenskrisisse en -vreugdes. Dit is ’n waarheid wat los van geïnstitusionaliseerde religie staan maar dit tog nie afwys nie. Dit is ’n verdraagsame waarheid, die teenpool van fundamentalisme, hetsy teïsties of ateïsties. Dit wil bv. nie ’n aanval op die teïsme wees nie, soos die skrywer dit heel aan die begin van die boek stel. Dit is ook ’n oop waarheid, omdat dit nie finaal is nie. Om op te hou soek is nie vir hom ’n opsie nie, soos hy dit heel aan die einde stel.

Nolte se waarheid kan waarskynlik gekritiseer word, afhangend daarvan of jy vanuit ’n teïstiese, ateïstiese of een van verskeie ander perspektiewe daarna kyk. My perspektief was dié van iemand wat vroeg in sy lewe ontnugter geraak het met teïsme en self ’n moeisame en soms pynlike soektog moes aflê na ’n eie tuin om te bewerk, ’n tuin anders as Nolte s’n, maar nie ver van syne geleë nie.

Diegene wat ’n soortgelyke soektog afgelê het of onderweg is daarmee, sal in hierdie boek ’n simpatieke en boeiende reisgenoot vind. Vir hulle wat nie wil of hoef te soek nie maar nogtans nuuskierig is, sal dit ’n waardevolle bron van inligting oor ’n breë spektrum van denke oor God wees, helder uiteengesit deur ’n baie belese skrywer.